

# **IDF VERKOOPSVOORWAARDES**

**VIR ALLE ILE DE FRANCE VEILINGS WAT ONDER BESKERMING VAN DIE GENOOTSKAP AANGEBIED WORD.**

**Die IDF Genootskap , in samewerking met telers, sorg dat elke koper wat diere onder die beskerming koop, heeltemal tevrede is met daardie diere en sekerheid te gee oor die regte eienskappe van die IDF diere wat te koop aangebied word, en dat daar doeltreffende prosedures bestaan om enige moontlike onteverredenheid te ondersoek en reg te stel, indien dit sou bestaan.**

Nieteenstaande die feit dat diere so deeglik moontlik deur die keurpaneel, wat deur die Raad aangestel is, deurgekyk sal word vir enige afwykings vanaf rasstandaarde, kan daar foute deurglip, of later ontstaan en sigbaar word.

Indien die koper (nuwe eienaar) binne die (3) weke nadat 'n dier by 'n veiling aangekoop is, ongelukkig is met so dier omdat die dier nie voldoen aan rasstandaarde nie en duidelike prulfoute waarneembaar is, moet hy onmiddellik die teler (verkoper) van die dier en die Genootskap in kennis stel.

**Dragtigheid – dit word uitdruklik onder die koper se aandag gebring dat resorpsie n deel is van skaapteling. Neem asseblief kennis dat die dragtigheids status, soos op die dag van die veiling deur die verkoper aangetoon, deur n geverifiseerde onafhanklike veearts/ veekundige getoets, en dat die status na die toetse, onderheuwig is aan baie faktore buite sy beheer.**

**Die onus rus dus egter by die koper om die dragtigheids status te verifieer binne 7 dae na die veiling, indien hy dit si nodig ag.**

**Indien die status nie soos op die veiling geverifiseer is nie, verwys na ondergenoemde paragraaf vir regstelling deur verkoper.**

Dit bly die verantwoordelikheid van die verkoper om dan die dier te vervang indien daar wel 'n prulfout blyk te wees of om die koopprys minus veilingskommissie terug te betaal aan die koper.

Die koper moet egter eers die betrokke dier, terugbesorg aan die verkoper in dieselfde gesonde toestand as waarin die dier was tydens die veiling. Geen gevolgskade mag geëis word vanaf die verkoper deur die koper nie. Na die verloop van drie (3) weke sal die koper geen eise hê nie.

**Die Genootskap tree te goeder trou op en die koper en verkoper vrywaar die Genootskap van enige eise hoegenaamd in die verband.**